# Gesels saam

## GRAAD 1-3

## WELKOM

Speel "Die slapende leeu". Laat die kinders op die grond lê asof hulle slaap. Hulle is die leeus. Een kind is Daniël. Daniël loop tussen die slapende leeus rond en kyk of een van hulle beweeg. Daniël kan grappies of snaakse geluide maak om die slapende leeus te laat beweeg.

*Opsioneel:* Julle kan ook Jan de Wet se liedjie oor **Daniël in die leeukuil (https://www.youtube.com/watch?v=vq6kGMRiyNU)** luister.

## WONDER

Vertel Daniël 6 op 'n gepaste manier vir die kinders. Lig die volgende uit: Daniël was gehoorsaam aan God. Hy het net vir God aanbid.

Gesels saam:

- Hoekom was die koning se ander werkers jaloers op Daniël?
- Wat was die werkers se skelm plan?
- Hoekom het die leeus nie vir Daniël seergemaak nie?

## WEES

Laat die kinders 'n leeumasker maak. Teken vooraf vir elke kind 'n leeugesig op 'n papierbord. Maak twee gate in die masker vir die oë of laat die kinders wikkeloë opplak of oë teken. Julle kan selfs 'n prent van 'n leeu se gesig op die borde plak. Beeld die maanhare op een van die volgende maniere uit: Druk gaatjies op die bord se rande en druk pypskoonmakers deur, of plak wol, vilt of papierstroke al om die rand.

## WEGSTUUR

By die vorige ontmoeting het ons gesien dat Daniël se vriende nie voor die goue beeld wou buig nie, want hulle het net vir God aanbid. Vandag het ons gehoor hoe Daniël voor God gekniel het om Hom te aanbid.

Ons moet ook soos Daniël aan God gehoorsaam wees en Hom alleen aanbid.

Speel weer **die liedjie (https://www.youtube.com/watch?v=e0t5yqwESrA)** waarna julle by die vorige ontmoeting geluister het. Laat die kinders opstaan en hulle hande om hulle monde hou (soos ’n megafoon) wanneer die liedjie sê: “Staan op en sê …” Laat hulle sit en maak asof hulle fluister wanneer die liedjie sê: “Sit nou en fluister …”

---